

FAMILIENUUS

April 2019



KLEINGROEPE: NUUS

- ▶ Kleingroepe is vriendskapsgroepe wat saam geestelik groei. Dit is ook die plek waar die groot gemeente persoonlik raak. Magalieskruin het 'n verskeidenheid kleingroepe (omgegroepe, Bybelstudies, selgroepe, vrouegroepe en mannegespreksgroepe) wat op 'n gereelde basis vergader. Kontak vir Janine Joubert by die kerkkantoor (012-548-1245) om betrokke te raak. U kan ook 'n e-pos stuur aan haar by magaliesklein@telkomsa.net.
- ▶ Die teeskinkbeurtlys vir 2019 is per e-pos aan die Kleingroepleiers gestuur. Dankie vir die bevestigings wat reeds ontvang is van julle teeskinkdatums.
- ▶ Baie dankie aan ds. Corné Boothe vir April se Bybelstudie.

MAGALIESKRUIIN GEBEDSNETWERK

Ons moedig kleingroepe aan om deel te word van ons gemeente se gebedsnetwerk. Ons het 'n WhatsAppgroep waar ons gebedsversoeke plaas. 'n Lid of al die lede van julle kleingroep kan deel word van dié groep. Neem dan die gebedsversoeke en bid in julle kleingroep oor die sake. Om deel te word, stuur jou naam per SMS na ds. Louis by 082-929-0244. Julle kan ook gebedsversoeke na ds. Louis stuur, wat dit dan op die groep sal plaas.



PITKOS VIR KLEINGROEPE

OPBOU EN BEDIENING VAN DIE KLEINGROEP

In die vorige Pitkos bydrae het ons gekyk ons na die geestelike groei met die fokus op twee aspekte van geestelike vorming of groei, naamlik:

- Dat mense nie groei in hul gemaksone nie.
- Dat groei 'n proses is.

Hierdie maand fokus ons opbou en bediening binne die kleingroep en dit vorm deel van die sosiale, geestelike en uitreik fasette van ons lewens

1) Opbou en Bediening.

Die taak van die kleingroep is onder andere om te groei:

as groep : in getalle (maar nie noodwendig nie) en in ons doelwitte:

- om as groep te groei in onderlinge, liefdevolle verhoudings en as span (sinergie);
- om in verhouding met God toe te neem – m.a.w. om as groep geestelike diepte te ontwikkel;
- om as groep te groei in uitreik – om meer en meer na buite te leef in diens en getuienis.

as individuele volgelingen van Jesus – ons persoonlike geestelike vorming.

Die Bybelse woord vir die bg. is ook “opbouing” wat die Ou Vertaling “stigting” noem: *“Laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus”. 1 Pet 2:5.*

Hoe vind geestelike opbouing prakties plaas in die kleingroep? Die volgende is moontlikhede:

WOORD

Ons moet ons lede leer om te kom deel wat in die Woord tot hulle gesprek het. Ons kan onderskei tussen die objektiewe Woord – dit wat algemeen waar is, en ‘n subjektiewe Woord – dit wat die Here spesifiek vir my in my situasie kom onderstreep het. Dit bou die groep en ander lede op as ons so oor die Woord deel;

GETUIENIS

Ons moet ons lede leer om te kom vertel wat in die week met hulle gebeur het, en hoe hulle dit in verband bring met die Here. Die getuienis van hoe ons ons lewe met die Here leef, bou die groep en ander lede op;

BEMOEDIGING

Ons moet ons lede leer om mekaar te bemoedig, aan te moedig en te troos. Dit kan die vorm aanneem van ‘n bemoedigende Skrifwoord, ‘n getuienis, praktiese voorstelle, gebed of sommer net woorde van omgee en bemoediging. Ons is juis daar om mekaar te ondersteun – dit bou ons in ons geloof en in ons verhoudings;

BEDIENING

Ons moet ons lede leer om vir mekaar te bid. Die volgende behoort vir die kleingroep normale praktyk te wees:

- ons kan rondom iemand gaan staan wat ‘n behoefte het (die leier neem inisiatief en sê (bv.): Jan.. kom ons staan hier by hom...;
- ons kan ons hande op so een lê en iemand kan vir ons voorgaan, of verskeie persone kan bid;
- ons kan (as dit meer ernstig is, anders verloor die simboliek sy waarde) so iemand met olie op sy voorkop of hande self as ons vir hom of haar bid. (Jak 5:14-16) – die olie is ‘n simbool van die Heilige Gees;
- ons kan geestelike gawes laat werk in ons midde (volgens Rom 12:6 8; 1 Kor 12 en 1 Kor 14) en die volgende is tipies vir sulke omstandighede:
 - Profesie is die indra van goddelike troos, bemoediging en stigting (1 Kor 14:3) in die situasie
 - ‘n Openbaring (1 Kor 14:26) is dikwels ‘n indruk of beeld wat iemand van die Here ontvang oor wat in die situasie aan die gang is

Om op hierdie wyse vir iemand voorbeding te doen bou die geloof van die persoon en die groep.



LET EGTER OP: Alhoewel die bg. normaal en gesond is, is dit natuurlik nie die enigste manier om die groep op te bou nie. Alles wat die groep doen dra by tot sy opbouing in die Here. Groepe is ook uniek en het unieke gawes. Dan moet ons ook oppas dat die groep nie vashaak by hierdie soort bediening en ingegroei raak nie. ‘n Groep wat net sy eie lede week na week bedien raak maklik geslote en ly later aan “koinonitis” (ongesonde soeke na gemeenskap) en mis die gesonde uitlewe na buite. Die Heilige Gees voeg ons saam, bou ons op, maar stuur ons dan ook uit die wêreld in - ons mag nêrens vashaak nie.

(Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit ‘n Kleingroep Kursus “Kleingroep Dinamiek” saamgestel deur Jimi le Roux, ‘n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroep-leier van ‘n megakerk in Johannesburg.)



ONS VERHOUDING MET GOD

Elke een van ons staan een of ander tyd met ingrypende geloofsvrae voor ons. In party se lewe sal dit vrae wees soos: *Bestaan God regtig?* of *Waar het die heelal vandaan gekom?* of *Het Jesus regtig vir my sondes aan die kruis gesterf 2000 jaar terug?*

Hierdie is vrae wat verreikende gevolge kan hê as ons werklik die impak van die antwoorde begin verstaan. Het jy al by jouself gedink wat is die implikasie van jou geloof? Nie net lukraak in jou gedagtes nie, maar het jy al gaan stil sit en gedink aan die praktiese gevolge van dit wat jy bely?

Daar is gereeld een of ander bekende in die tydskrifte of in die media wat 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dan is daar die groot bekendstelling van die nuwe persoon met “before” en “after” foto’s. Die “before” foto’s sal dan altyd met sulke vaal klere sonder 'n glimlag wees en die “after” foto’s sal dan met die mooiste uitrusting en grimering of 'n goeie sonbrand wees, al is die sonbrand meeste van die tyd kunsmatig uit 'n blikkie aangespuit.

Hoe sou jou “before” en “after” foto’s lyk van jou lewe voor Christus en jou lewe na Christus? Het jy ook 'n kunsmatige “tan” nodig om seker te maak dat die mense wat na jou kyk darem sal hou van wat hulle sien? As jy na jou geestelike foto’s kyk, sal jy hou van wat jy sien? Is jou voorkoms in die wêreld 'n werklike beeld van hoe dit in jou binnekamer gaan? Daar is 'n rede hoekom Jesus vir Sy dissipels gesê het om in hulle binnekamer te gaan bid, want daar kan en hoef ons nie voor te gee nie.

Smag jy na 'n egte, lewende verhouding met 'n Vader wat jou so ontsaglik lief het? Kyk jy na jou “before” en “after” foto’s en jy hou dalk nie van dit wat jy sien nie? Dalk is hulle te naby aan mekaar. Een ding is seker: dit maak nie saak hoe jou verhouding met jou Vader lyk nie, daar is altyd meer! Hy roep ons ALTYD tot 'n dieper, meer intieme verhouding met Hom.

In die volgende 4 weke gaan ons kyk na 4 praktiese dinge om te doen sodat ons in 'n meer intieme verhouding met Hom kan groei.



Week 1 - Kyk IN, nie OP nie!

Ons almal is op soek na iets. Party mense soek na 'n dieper sin vir die lewe. Party mense is op soek na rykdom, omdat hulle daarin iets van hulle eie waarde vind. Party soek sin in drank, of dwelms, of sinvolle verhoudings deur 'n rekenaarskerm. Ongelukkig maak al hierdie goed dat ons iets beleef van die ongelooflike leegheid van "langafstand" verhoudings. Dit is altyd iets wat vër van ons af is. Ons moet altyd hard werk om daarby uit te kom of 'n klomp goed in plek kry voordat ons die sin daarvan kan beleef.

Bespreek die volgende voorstellings van hoe die Here vir baie mense lyk:

- Kersvader
- Skoolhoof
- Oupa
- Polisieman
- Vriend wat oorsee bly

Ons persepsie van God bepaal baie keer hoe ons verhouding teenoor Hom is. Om werklik in 'n intieme verhouding met Hom te staan het jy dalk nodig om 'n kopskuif te maak rondom hoe jy oor Hom dink.

Bespreek die volgende vraag in die groep: Waar is God?

Hierdie is 'n baie eenvoudige vraag, met baie slaggate. Jy sien, ons persepsie van God bepaal ons verhouding met God. Het jy al daaraan gedink dat God binne-in ons is? Die Heilige Gees is God op aarde en Hy lewe binne-in ons. As jy werklik wil weet hoe 'n intieme verhouding met God voel, moet jy dalk begin om binnetoe te kyk, i.p.v. boontoe.

Teks: Efesiërs 3:16-19

Bespreek die bogenoemde teksgedeelte in die groep.

Ons Vader is nie 'n vëraf God wat Homself eintlik onttrek het van ons af en ons moet baie hard werk om by Hom uit te kom nie. Hy het die voorhangsel van die tempel laat skeur sodat ons naby aan Hom kan wees.

Bid nou as groep saam, maar i.p.v. dat jy boontoe kyk met jou oë toe en dink aan God wat daarbo op 'n goue troon sit en afkyk op ons, maak jou oë toe en sit jou hande op jou bors en bid die volgende woorde: *Vader, dankie dat U naby is, dankie dat U binne ons is, en dat U ons nooit sal verlaat nie. Amen.*



Week 2 - BLY STIL!

Benodigdhede: ‘n Klein radio of selfs net ‘n selfoon. Goeie instrumentele stilword musiek. U kan u eie musiek gebruik of gebruik maak van die volgende skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=hIDeXjtIB44&t=465s>.

As ons al die godsdienstige elemente en resepte van gebed verwyder en na dit kyk in die eenvoudigste vorm, dan is dit tog niks anders as om met God te praat nie. Die probleem is egter dat meeste van ons nie met God praat nie, maar oor Hom.

Verskeie studies het al oor en oor bewys dat ‘n sleutel tot beter, meer intieme verhoudings is om stil te bly en te luister. Ons verhouding met God is niks anders nie.

Gesels gou oor julle gebedslewe. Hoe verstaan jy gebed? Bly jy ooit stil as jy bid en luister? Hoeveel van die tyd wat jy spandeer aan gebed spandeer jy aan vrae vra vir die Here? Hoeveel tyd spandeer jy om te luister sodat Hy jou kan antwoord?

God praat altyd! Die probleem is... ons ook, en ons is nie naastenby so goed soos Hy met “*multitasking*” nie.

Lees Jer 33:3 - Wat hoor jy as jy hierdie teks lees?

Een praktiese manier om beter te luister is om ‘n gebedsjoernaal te skryf. Wanneer jy bid, gebruik die tyd om ook te luister. Skryf ALLES neer wat in jou gedagtes opkom, selfs al voel dit asof jy goed opmaak. Deur dit te doen sal jy die dissipline van stilword en luister aanleer, en mettertyd sal jy leer om te onderskei tussen jou eie gedagtes en dit wat van die Here af kom.

Laat elkeen nou op ‘n gemaklike plek sit. Sit die musiek aan en word/wees stil. Hierdie is nie ‘n geleentheid om te praat nie, hierdie is ‘n geleentheid om te luister. Skryf neer wat jy hoor.

Wat hoor jy? Deel met mekaar wat julle by die Here hoor.



Week 3 - Lees die Bybel

Ek is seker jy sou nie verwag het om 'n doodgewone antwoord soos dit te kry nie. Ons almal weet dat dit een van die sleutels tot 'n intieme verhouding met ons Vader is, maar die ironie is dat bitter min van ons die Woord ken.

Ek sê dit versigtig, maar ek sê dit ferm! Ons weet dat die Bybel die sleutel is, maar ons ken nie die Bybel nie, anders sou ons nooit so baie vrae gehad het nie.

Iemand het gesê: *The Old Testament is Christ concealed, and the New Testament is Christ revealed.*

God se Woord is altyd 'n aanwysing na Jesus en sal altyd ons Vader se hart vir jou openbaar.

Wat gebeur as ons die Bybel lees? Bespreek dit in die groep.

Die woord BIBLE staan vir: Basic Instructions Before Leaving Earth.

Teks: Romeine 10:17

Bespreek die teks.

Teks: Joh 8:32

Bespreek die volgende vraag: Is dit die waarheid wat jou vrymaak?

Lees weer die vers mooi en bespreek die volgende stelling: Dit is nie die waarheid wat jou vry maak nie, dit is die kennis van die waarheid wat jou vrymaak.

As ons die Bybel lees en vir ons Vader vra om met ons te praat terwyl ons met die Woord besig is dan gebeur drie goed:

1. Ons spandeer tyd saam met ons Vader.
2. Ons praat met Hom, maar ons luister ook na Hom.
3. Ons lees van Sy hart vir ons en wie Hy is.

Praktiese wenk: As jy nie goed is om te lees nie, kry vir jou 'n audio bybel waarna jy kan luister. Kry ook vir jou 'n goeie vertaling wat maklik is om te lees sodat jy kan verstaan wat jy lees. Moenie dat 'n vrees vir lees toelaat dat jy die wonder van God se Woord misloop nie!

Bid vir mekaar dat God se Woord deur ons sal lewe.



Week 4 - Spandeer tyd saam met mense met dieselfde fokus as jy.

Teks: Spreuke 27:17

Wat hoor jy in hierdie teksvers?

Jim Rohn het eendag gesê: *You are the average of the five people you spend the most time with.*

Laat ek net die volgende stelling ook maak: God is soveel groter as die bogenoemde stelling, en as jy jou hele lewe lank met die tollenaars en straatvrouens deurbring, is God se genade en Sy liefde so groot om jou ook uit so 'n gat te kan red. Aan die ander kant is dit juis die gebrokenes waarheen Hy ons stuur.

Bespreek die volgende vrae:

1. Dink aan een persoon wat jy beny vir hulle verhouding met die Here?
2. Dink aan een persoon wat jou motiveer om meer tyd saam met die Here te spandeer?
3. Voltooi die volgende sin: Ek wens ek kon so naby aan die Here lewe soos ... (vul persoon se naam in)?

Romeine 10:8 - Naby jou is die Woord, in jou hart en in jou mond, woorde van geloof wat jy spreek.

Het jy al agter gekom as jy baie tyd saam met spesifieke mense spandeer dat jy later soos hulle begin praat? Ek het al beleef hoe ek selfs dieselfde aksent as hulle begin kry as ek baie tyd saam met hulle spandeer.

Spandeer tyd saam met die persone wie se name jy in die boonste spasie ingevul het. Vind uit wat maak hulle “*tick*”, wat is hulle passie, wat dryf hulle? Vind uit wat is die sleutel tot hulle intieme verhouding met ons Vader?

Hulle passie sal jou opgewonde maak en jou 'n honger gee vir 'n meer intieme verhouding met ons Vader.

Praktiese opdrag: Kies 5 mense wat jou opgewonde maak oor die Here en maak 'n afspraak om te gaan koffiedrink in die volgende week. Selfs al koffie jy net saam met een persoon, het jy reeds die wiel aan die rol gekry.

Bid vir mekaar vir geesvervulde mentors en vriende.

